SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 23 MEI 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Ontvangsrapporte oor die eksperimentele herleiding op 10,130 MHz sal waardeer word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat ons die heengaan van twee radioamateurs moet aankondig.

Johnny, ZS3AAL, is op 27 April as gevolg van 'n massiewe hartaanval oorlede.

Ossie Carstens, ZS1DZ, is vroeg Saterdagoggend 1 Mei in sy bed in die Helen Keller Tehuis in Pinelands oorlede. Hy word oorleef deur sy dogter Kim en twee seuns, Storm en Dain en hulle families. Ossie was lank 'n lid van die Kaapstadse Amateurradiosentrum en vir baie jare die nasionale JOTA-ko-ordineerder vir die Suid-Afrikaanse Padvindersvereniging. Ossie sal baie gemis word deur sy baie vriende.

Ons innige simpatie aan die ontslape amateurs se familie en vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag:

SARL RAADSVERGADERINGS

TSHWANE WIL DIE GROTER PRETORIAGEBIED MET KLK IN 'N INTELLEGENTE STAD VERANDER

Z2 QSL-BURO GESLUIT

INTEGNETBESPREKING OOR WAT JY ALLES AS RADIOAMATEUR KAN DOEN

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

SARL RAADSVERGADERINGS.

Die Raad van die SARL vergader elke ses weke dmv. 'n telekonferensie. Die volgende vergadering vind op 2 Junie plaas. Indien u 'n saak het wat u aan die Raad wil voorlê, stuur dit asb. aan die Sekretaris van die Raad. Die Sekretaris stuur dit dan aan al die Raadslede, maar vir besondere aandag deur die Raadslid in wie se portefeulje dit pas, en indien die betrokke Raadslid dit nie self kan afhandel nie, sal dit by die volle Raadsvergadering bespreek word. Sulke voorleggings moet die Sekretaris bereik 'n week voor die Raadsvergadering.

U kan met die SARL se Raad kommunikeer deur e-pos te stuur aan secretary@sarl.org.za of op pakketradio na ZS1AAZ@ZS0STB. Die Raad van die SARL is ingestel daarop om kommunikasie met die amateurgemeenskap te bevorder.

TSHWANE WIL DIE GROTER PRETORIAGEBIED MET KLK IN 'N INTELLEGENTE STAD VERANDER

Tshwane wil die groter Pretoriagebied met KLK in 'n intellegente stad verander deur gebruikmaking van wyespektrum kraglynkommunikasietegnologie om elke huis aan die internet te kan koppel deur middel van die kragvoorsieningsnetwerk. Charles Kuun het Donderdag by die Futurexkonferensie in Sandton gesê dat met liberalisering van telekommunikasie in Suid-Afrika die Metroraad sy visier daarop gegerig het om 'n "Metro Telco" te word ten einde kommunikasiedienste aan sy inwoners te bied deur middel van sy uitgestrekte elektrisiteitsverspreidingstelsel.

Hy het gesê dat verskeie stelsels oorweeg is en tans word 'n proeflopie gedoen in 'n troshuiskompleks wat tot dusver baie suksesvol is. In antwoord op 'n vraag deur ZS6AKV, wat die konferensie bygewoon het, of die Metro enige steurinstoetse uitgevoer het, was die antwoord nee. Charles Kuun het gesê dat gedurende die eerste toets 'n nabygeleë radioamateur oor steurings gekla het maar nadat die Metro 'n latere geslag stelsel geïnstalleer het, die probleem verdwyn het.

Behalwe vir moontlike steurings aan radiodienste, is KLK ook vatbaar vir RFS, steuring van nabygeleë radioseine. Met radioamateurs wat tussen die teikenverbruikers bly, is RFS nog 'n rede vir bekommernis. Dit mag 'n groot toekomstige invloed hê op die reg van radioamateurs om op die lug te gaan. Dit is hoogs waarskynlik dat dit tot baie klagtes oor RFS sal lei.

Andrian Maguire, wat namens die maatspappy wat die KLK-stesel aan die Metro verskaf, gepraat het, het gesê dat 'n nuwe geslag KLK in 2005 beskikbaar gaan kom wat oor die fasiliteit beskik om sekere frekwensies te blokkeer en dus steurings kan elimineer. Die RFS-probleem, wat blyk tot dusver nognie aangespreek is nie, sal steeds 'n groot probleem wees. Hy het gesê dat KLK nie deur OKOSA gelisensieër is nie maar word getoets volgens 'n spesiale voorsiening in die regulasies.

Charles Kuun het ingestem om die SARL gedurende die volgende aantal weke te ontmoet ten einde die implikasies wat KLK vir radiokommunikasie inhou te bespreek en die versoek van die SARL om toetse uit te voer om vas te stel wat die impak van KLK op radiodienste sal wees sowel as die RFS-immuniteit van die stelsel te oorweeg.

Z2 QSL-BURO GESLUIT

Don, G3BJ, het die volgende aankondiging gedoen: "Tydens die die vergadering van die Zimbabwe Amateurradiovereniging gehou op 3 Mei 2004, het ZARS die besluit geneem om die Zimbabwe QSL-Buro te sluit. Dit is eenvoudig te wyte aan die buitensporige kostes wat nou in Zimbabwe heers.

Die hoofonkoste is die posgeld op versending van kaarte na die verskeie buro's oor die wêreld heen. Dit is ook gekoppel aan 'n afnemende aantal lede sodat redelike ledegeld nie meer die bedryf van 'n buro kan bekostig nie. ZARS het aan sy lede aanbeveel om QSL-bestuurders te vind indien hulle nie alreeds 'n bestuurder het nie. 'n Aantal het die aanbeveling ter harte geneem en reëlings is getref. Ledeverenigings moet asb. van hierdie reëlings kennis neem en hul QSL-bestuurders dienooreenkomstig inlig."

Hierdie is inderdaad 'n treurige gebeurtenis in die geskiedenis van amateurradio in Zimbabwe en ons kan dit nie laat verbygaan sonder om van die uitstaande prestasies van en bydraes gemaak deur die Zimbabwies amateurs in herinnering te roep nie.

Die mees uitstaande wat die algemene amateurradiopubliek dalk mag onthou is seker die eerste AMA-kontakte in Afrika deur Peter Carey, toe ZE5JJ en nou ZS6JT, en wie nou in Centurion, Gauteng woon.

Peter se eerste om AMA-kontak was met Dr. Allen Katz op 432 MHz wat daartoe gelei het dat Dr. Katz die eerste WAC in die wêreld vir 432 MHZ verwerf het. Later het Peter 'n QSO met Dr Charles Suckling op 1296 MHz gevoer, weereens 'n eerste in Afrika.

'n Ander eerste, en werklik voor die AMA-kontakte, was vroeg in 1960 toe 'n groep amateurs begin het om toerusting te bou om satellietseine te ontvang wat daartoe gelei het dat hulle Dr. James van Allen van die Iowa Staatsuniversiteit bygestaan het in sy poging om die laer uitstralingsgordel te karteer wat later die van Allengordel genoem is. Later in die navorsing is die groep selfs deur Dr. van Allen gemagtig om opdragte aan die gebruikte satelliet te stuur, en dit voordat rekenaars bestaan het!!

Ons bring hulde aan die radioamateurs vir wat hulle in daardie tyd bereik het.

RADIO ZS

Die Maart-April uitgawe van Radio ZS kan nou van die SARL-webwerf by www.sarl.org.za afgelaai word. Dit is 1,6 MG groot.

Die redakteur is op soek na artikels vir die volgende uitgawes van Radio ZS en

versoek lede om materiaal vir publikasie te verskaf. Goeie fotos vir die buiteblad van Radio ZS word ook benodig. Die materiaal kan of in MSWord- of WordPerfectformaat gestuur word. Prente kan in jpg- of bmp-formaat aangestuur word. Dit kan per e-pos gestuur word aan radiozs@sarl.org.za of na die roepseinboekadres van Dennis ZS4BS.

INTEGNETBESPREKING OOR WAT JY ALLES AS RADIOAMATEUR KAN DOEN

Die volgende INTEGNET sal op Sondagaand 30 Mei om 20:00 gehou word. Verskeie radioamateurs en spesiale belangegroepe sal hul aktiwiteite met u deel en vertel hoe jy meer genot kan put uit radioamateurwese. Dit beloof om 'n baie interessante program te wees. Klubs wat hul herhalers aan die net wil koppel moet 'n e-pos stuur aan armi@sarl.org.za met die tefoonnommer wat gekoppel moet word. Ongelukkig kan selfone en voorafbetaalde telefone nie gekoppel word nie. Dui ook asb. aan watter herhaler gekoppel gaan word, sy frekwensie en dekkingsgebied.

WILLEM PRINSLOO LANDBOUMUSEUM MAMPOERFEESBESOEK

Die jaarlikse Willem Prinsloo Landboumuseum Mampoerfeesbesoek (Bring en Braai) vind plaas op die 29 Mei.

Die besoek word deur die Centurion Radioamateurklub geko-ordineer vir alle belangstellende radioamateurs en luisterraars.

Afslag is bekom vir 'n minimale toegangsgeld van R10,00 per volwassene en R5,00 per kind.

Die organiseerders versoek ook dat die radioamateurs 'n gekombineerde bydrae sal lewer deur die uitstalling van hul stokperdjie.

Belangstellendes kan vir Whitey Joubert, ZR6 JJJ, kontak by 082-416-7250 of CAS, ZS6RA, by 082-463-1551 ten einde te kwalifiseer vir afslag en toegang tot die terrein. Vure vir braai sal beskikbaar wees.

UITSLAG VAN DIE OOSRAND RADIOKLUB SE JAKKALSJAG

Die Oosrand Radioklub het op 15 Mei 'n jakkalsjag gehou.

Die sender met 'n kraglewering van 6 W was in die Bokkiepark in Boksburg weggesteek. Die spanne het by die klubhuis van die Oosrand Radioklub begin, gewapen met slegs 'n gebiedskaart en die frekwensie van die jakkals se uitsending.

Die jakkals is in minder as twee uur deur die mededingers opgespoor wat hul vaardigheid met die opsporing van die skelm onderstreep. Die resultate is as volg:

1ste Plek: Hennie, ZS6HEB, Jaques, ZS6WDL, en Sally; 2de Plek: Retha, ZR6XT, en Pieter, ZS6XT; 3de Plek: John, ZS6ABJ, Sakkie, ZS6BPA.

'n Spesiale woord van dank aan Sam wat een van die pryse geborg het.

STOOMTREINAVONTUUR

Alle radioamateurs en familie word deur die Oosrand Radioklub uitgenooi om deel te neem aan die stoomtreinavontuur na die Koster Mampoerfees op 5 September. Ons vertrek 06:00 en keer weer 12 ure later terug. Dit beloof om 'n aangename avontuur vir die hele familie te wees.

Besprekings is noodsaaklik voor einde Junie. Kontak Johanna Harris by 011-814-2121 gedurende kantoorure om besprekings te bevestig.

OOS-RAND VLOOIMARK

Die Oos-Rand Radioklub nooi almal na 'n vlooimark op 2 Oktober by die klubhuis in Springs. Aktiwiteite begin om 08:00

VOORTPLANTINGSTOESTANDE

Kobus, ZS6KOB, rapporteer dat soos verwag, het die toestande oor die afgelope week ietwat verbeter. Die sonvlekgetal het wel gestyg, maar teen die einde van die week weer begin daal. Hierdie patroon herhaal hom sowat elke 27 dae en is direk gekoppel met die son wat sowat 27 dae neem om om sy eie as te draai. Die sonvlekgetal was Vrydag 56,3 teenoor verlede week se 48,5. Die verwagting is dat dit oor die volgende dae sal daal. Baie interessant was dat die sonvlekgetal skielik, maar slegs vir 'n baie kort tyd, geweldig gestyg het- tot so hoog as 148. Die goeie DX-liefhebber moet nooit met sulke gebeure onkant gevang word nie - dit gebeur gereeld - moenie dat die lae sonvlekgetal julle afsit nie. Die 15 m band was ten tye hiervan pragtig oop na die ooste. Voortplantingtoestande was oor die algemeen swak tot redelik. Toestande mag tussen 21 en 23 Mei by tye goed wees.

AKTIWITEITE OM AAN DEEL TE NEEM

29 Mei, eerskomende Saterdag, die Willem Prinsloo Landboumuseum se Mampoerfeesbesoek; Volgende Sondag, 30 Mei, sal die President se net weer om 12:00 op verskillende frekwensies op die lug wees. 30 Mei INTEGNET om 20:00; 30 Junie, die laaste dag vir besprekings vir die stoomtreinrit na nog 'n mampoerfees, hierdie keer in Koster op 5 September; 2 Oktober, vlooimark in die Oos-Rand.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE„ en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX